higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STEENWERK
NKR VLAK 3

21 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 1.1.1 Dit is 'n muur wat uit twee wande bestaan wat deur 'n ruimte tussenin geskei✓ en deur middel van muurbinte saamgebind word. ✓

1.1.2 Dit is 'n betonbalk wat bo-op die muur om die hele omtrek✓ van die woning gebou word om die mure te versterk waar daar openinge is.✓

1.1.3 Bind die wande van holmure saam✓ en help met wedersydse ondersteuning.✓


1.1.4 Dit is beton wat met wapening vervaardig word en gelaat word om droog te word.✓ Wanneer dit droog is, word dit per meter in hardewarewinkels verkoop en gewoonlik bokant openinge gebruik.✓

1.1.5 Gewoonlik gegalvaniseerde bande wat aan die dak✓ van die huis geïnstalleer word om die dakstruktuur tydens kwaai wind te ondersteun.✓

1.1.6 Dit is stutte✓ wat die kante van deure of vensters vorm.✓

(6 × 2) (12)

1.2



Algehele korrektheid	4 punte
Byskrifte volgens spesifikasies	6 punte
Titel en algehele tekening	2 punte
TOTALE PUNT	**12 PUNTE**

(12)

1.3 Tydelike openinge of skoonmaakgate kan gebruik word om afval en daghastortings aan die onderkant van die holte te verwyder.✓ Houtlatte kan gebruik word om die binnekant van die muur, wat afval en daghastortings insluit,✓ skoon te maak. Openinge kan laag teen die muur gemaak word.✓ Holtes moet op 'n daaglikse grondslag skoongemaak word sodat die daghastortings nie hard word nie.✓ (4)

1.4
1.4.1 Onwaar
1.4.2 Waar
1.4.3 Waar
1.4.4 Waar
1.4.5 Waar
1.4.6 Waar
1.4.7 Waar

(7 × 1) (7)
[35]

VRAAG 2

2.1
2.1.1 Duimdrukdroog
2.1.2 (390 × 190 × 190 mm)
2.1.3 (290 × 190 × 190 mm)
2.1.4 (190 × 190 × 190 mm)
2.1.5 (90 × 190 × 190 mm)
2.1.6 Dravoegwapening
2.1.7 200 mm

(7 × 1) (7)

2.2 Plaas die reihout op twee steeneenhede van dieselfde afmetings.✓ Neem 'n lang lugbelwaterpas✓ of 'n ander reihout, plaas dit op die reihout en verstel dit op of af✓ totdat die borrel in die lugbelwaterpas in die middel tussen die twee strepies is.✓ Meet die afstand tussen die bokant van die reihout en die onderkant van die lugbelwaterpas.✓ Indien die afstand meer as 6 mm is, moet die fondament gelykgemaak✓ word en indien die minder as 6 mm is, is die kontrole afgehandel.✓ (8)

2.3
2.3.1 Konkawe voeg✓ V-voeg✓
2.3.2 Drupvoeg✓ Gelykvoeg✓
2.3.3 Diepvoeg✓ Omgekeerde voeg✓

(3 × 2) (6)

2.4 In hol steenwerk is dit beter om die hol blokke horisontaal en vertikaal✓ te wapen of om die holtes in die holmuur met beton te vul.✓ Hierdie metodes versterk die steenwerk en beheer enige krake in die muur.✓ Hol eenhede rus op 'n redelike dun lagie dagha.✓ Ons versterk hierdie hol mure met vertikale wapening en betonvulling; ons skep seksies wat soos saamgestelde kolomme of ringbalke optree.✓ Slegs eenhede wat in lateie gebruik word, het hierdie vorm.✓ (6)

Kopiereg voorbehou

2.5
- Onvoltooide mure moet daagliks bedek word
- Waterdigte materiaal moet gebruik word
- Die waterdigte materiaal moet 'n minimum van 600 mm om die muur verbysteek
- Verseker dat die waterdigte materiaal bevestig is om enige beweging te voorkom


(Enige 3 × 1) (3)
[30]

VRAAG 3

3.1
3.1.1 H
3.1.2 F
3.1.3 C
3.1.4 B
3.1.5 A
3.1.6 D


(6 × 1) (6)

3.2 3.2.1



✓✓

3.2.2



✓✓

(2 × 3) (6)

3.3 Maak die opening in die hol eenheid voordat die eenheid in die muur gelê word en gebruik 'n steenwerksaag om twee gleuwe aan die onderkant van die ontblote vlak van die blok te sny.✓ Verwyder die uitgesnyde deel✓ en pas die sokkas in die gat; plaas dan maas✓ onder die eenheid om die dagha te ondersteun. Gebruik dagha om die kas in posisie te hou.✓ Leipype wat aan die kas gekoppel is, kan deur die hol eenhede loop.✓ (7)

3.4
- Buitewelwing
- Boogklippe
- Sluitsteen
- Boogstuiter
- Booglyn
- Binnewelwing
- Boogsoffietsteun
- Styghoogte
- Kroon (Enige 8 × 1) (8)

3.5 Voorkom dat dagha tydens konstruksie✓ op die muur drup en beskerm die basis van die muur deur sand, strooi, saagsels of plastiekvelle op die grond✓ te plaas. Bedek die mure ook aan die einde van elke dag of wanneer dit reën.✓ Plaas steierwerk ver genoeg van die muur af sodat daghastortings grond toe val en nie teen die muur nie.✓ Aan die einde van elke werkdag moet die planke naaste aan die muur skoongemaak word.✓ Draai steierwerkplanke terug om die verhoed dat reën dagha en vuiligheid teen die steenwerk spat.✓ (6)

3.6 Dakankers is nodig om dakke teen weersomstandighede te anker✓ en tydens die installasie van die dak as versterking te dien.✓ (2)

[35]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou